
# VOORSITTER se verslag



*Johann Rupert*

## Inleiding

Wêreldwyd leef ons in onstuimige tye. Wanneer die jaar wat verby is in oënskou geneem word, sou dit nalatig van my wees om nie die globale turbulensie se negatiewe impak te erken op die uitdagings wat ons en ander besighede, beide groot en klein, in Suid-Afrika in die gesig staar nie. Die makro-uitdagings is meedoënloos en hardnekkige inflasie het sentrale banke geforseer om deurlopend rentekoerse te verhoog. Dit het 'n direkte impak gehad op verbruikers wat reeds onder druk is. Daar is ook ander faktore wat tot die uitdagende ekonomiese landskap bygedra het: die dralende impak van die Covid-19-pandemie op die wêreldekonomie, veral in China; die volgehoue gewapende stryd tussen Rusland en Oekraïne; wêreldwye voedselonsekerheid; 'n gedempte plaaslike ekonomie; inflasie-ellendes; beleidsonsekerheid; onstuimige markte; Suid-Afrika se plasing op 'n gryslys deur die "Financial Action Task Force"; en die energiekrisis. Dit is egter nie die eerste keer wat ons groep in sulke onstuimige tye moet sake doen nie.

Deur die groep se geskiedenis moes daar dikwels deur stormagtige tye koers gehou, uitdagings aangedurf en onsekerheid aanvaar word. Dis hierdie houding, geanker in die groep se kultuur, wat ons in staat gestel het om konsekwent volhoubare langtermynwaarde vir ons aandeelhouers te skep.

Die langtermynsukses van 'n besigheid is geleë in sy vermoë om aan te pas en die geleenthede te benut wat hul voordoen in 'n immerveranderende omgewing. Terwyl vandag se uitdagings mag verskil van dié wat ons in die verlede moes hanteer, pas Remgro steeds aan by 'n veranderende samelewing en benut ons die insigte wat oor sewe dekades bekom is om besigheid in 'n Suid-Afrikaanse konteks te doen. Ons sukses lê in ons onwrikbare verbintenis om 'n betroubare beleggingsmaatskappy van keuse te wees wat volgehoue en volhoubare langtermynwaarde vir belanghebbendes skep.

Ek is tevrede dat die groep weereens veerkragtige resultate gelewer het, geïnspireer deur ons beleggingsfilosofie, beleggingsmaatstawwe en beleggingstrategie. Ek bly optimisties oor die vooruitsigte vir ons portefeulje. Dit is belangrik dat ons groep gefokus bly op die bestuur van die faktore wat ons kan beheer, terwyl ons oog op nuwe geleenthede bly.

Ek noem graag twee korporatiewe transaksies wat wesentlik bygedra het tot 'n verskuiwing van ons ongenoteerde portefeulje se waarde tot ongeveer 70% teenoor 30% in Junie 2022.

Die twee transaksies is soos volg:

- Remgro en MSC Mediterranean Shipping Company SA (die konsortium) se verkryging van die totale uitgereikte gewone aandelekapitaal van Mediclinic Group Beperk (Mediclinic) buiten die Mediclinic-aandele wat Remgro reeds besit het (Junie 2023). Remgro het 'n verdere £221 miljoen belê en sy belang in Mediclinic het van 44.6% tot 50.0% (die Mediclinic-verkryging) toegeneem. Hierdie transaksie is in ooreenstemming met die konsortium se langtermyn-beleggingshorison en kombineer kundigheid met Mediclinic se groei- en uitbreidingsplanne, terwyl dit aan Remgro-aandeelhouers 'n unieke toegang tot die ongenoteerde entiteit bied; en
- Die samevoeging van Heineken International B.V. (Heineken) se Suider-Afrikaanse besigheid, insluitende 'n belang in Namibia Breweries Beperk, met die grootste gedeelte van Distell Group Holdings Beperk (Distell) se besigheid (bestaande uit sy sider, ander RTDs (gereed-om-te-drink) en spiritualieë- en wynbesigheid) in Heineken Beverages Holdings Beperk in April 2023. Distell het terselfdertyd sy filiaal, Capevin Holdings Eiendoms Beperk (Capevin), wat Distell se oorblywende bates, waaronder sy Skotse whisky-besigheid, gehou het, ontbondel en Remgro het 'n ekonomiese belang van 31.4% in Capevin (die Distell/Heineken-transaksie) ontvang. Hierdie transaksie het bygedra tot die totstandkoming van 'n wêreldklas-drankonderneming, met 'n Suider-Afrikaanse fokus, en het aansienlike waarde vir Distell-aandeelhouers ontsluit.

## Finansiële vertoning

Vir die jaar onder oorsig het wesensverdienste met 8.7%, vanaf R6 494 miljoen tot R7 056 miljoen, toegeneem, terwyl wesensverdienste per aandeel (WVPA) met 8.9%, vanaf 1 151 sent tot 1 254 sent, toegeneem het. Die toename van 29 basispunte in die WVPA-meting vergeleke met wesensverdienste, verteenwoordig die positiewe impak van die aandele teruggekoop gedurende die jaar onder oorsig.

Die toename van 8.7% in wesensverdienste is hoofsaaklik meegebring deur hoër bydraes van OUTsurance Group Beperk (OUTsurance Group) se voortgesette bedrywighede, Mediclinic, die Pembani Remgro Infrastruktuurfonds, Kagiso Tiso Holdings Eiendoms Beperk en FirstRand Beperk, sowel as hoër rente-inkomste en 'n buitelandse valutawins wat gerealiseer is op buitelandse valutakontrakte wat aangegaan is om die bykomende indirekte belang van 5.4% in Mediclinic te verkry. Die toename is deels teengewerk deur laer bydraes van TotalEnergies Marketing South Africa Eiendoms Beperk, RCL Foods Beperk en Grindrod Beperk (Grindrod) (weens sy ontbondeling), sowel as transaksiekoste wat verband hou met die Mediclinic-verkryging en die Distell/Heineken-transaksie. Daarby het die vergelykende jaar ook die bydraes van Grindrod Shipping Holdings Beperk (Grindrod Shipping) (wat verkoop is) en die beëindigde bedrywighede van OUTsurance Group ingesluit (OUTsurance Group het sy beleggings in Discovery Beperk en Momentum Metropolitan Holdings Beperk ontbondel, terwyl die belegging in Hastings Group Holdings plc ook verkoop is).

Verskeie korporatiewe transaksies het 'n invloed op die vergelykbaarheid van Remgro se wesensverdienste die afgelope twee jaar gehad. Hierdie transaksies het, onder andere, die volgende ingesluit:

- Die beëindigde bedrywighede van OUTsurance Group (vergelykende jaar);
- Die verkoop van Grindrod Shipping (vergelykende jaar);
- Die ontbondeling van Grindrod (Oktober 2022);
- Die buitelandse valutawins en transaksiekoste wat verband gehou het met die Mediclinic-verkryging (Junie 2023); en
- Die transaksiekoste wat verband gehou het met die Distell/Heineken-transaksie (April 2023).

Met uitsluiting van die impak van hierdie korporatiewe transaksies op wesensverdienste, het wesensverdienste met ongeveer 27% toegeneem, wat die onderliggende veerkragtigheid van Remgro se portefeulje, asook die handhawing van 'n positiewe verdienstemomentum ondanks 'n uitdagende sakeklimaat, weerspieël.

## Dividend

Die raad het 'n finale dividend van 160 sent (2022: 100 sent) per aandeel goedgekeur. Die totale gewone dividende per aandeel vir die jaar tot 30 Junie 2023 bedra dus 240 sent (2022: 150 sent).

## Korporatiewe bestuur en volhoubaarheid

Ons doelwit om die toekoms te help skep en 'n vennoot in Suid-Afrika se welvaart te wees, lê ten grondslag van ons strewe om finansiële opbrengste aan ons aandeelhouers te lewer, terwyl terselfdertyd belê word in 'n meer volhoubare toekoms vir Suid-Afrika waardeur langtermynwaarde vir belanghebbendes ontsluit kan word.

Ons volhoubaarheidstrategie onderstreep die behoefte om 'n katalitiese bydrae tot sosio-ekonomiese ontwikkeling en groei te maak. Dit onderstreep ook ons verbintenis om, deur verskeie maatskaplike korporatiewe beleggingsinisiatiewe wat ons ondersteun, 'n betekenisvolle verskil in gemeenskappe te maak.

In ooreenstemming met ons korporatiewe burgerskapsmandaat is die inisiatiewe wat ons ondersteun, gegrond op langtermynvennootskappe om geleenthede vir gemeenskaps- en besigheidsontwikkeling te skep, asook kulturele, sport- en opvoedkundige geleenthede te bevorder.

Meer besonderhede in hierdie verband kan gevind word in die ESG en Volhoubaarheidsverslag wat op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com beskikbaar is.

Ons neem ook kennis daarvan dat die direksie uiteindelik aanspreeklik is vir die prestasie van die maatskappy en dat strategie, risiko, prestasie en volhoubaarheid onafskeibaar is.

Ons bestuursraamwerk is gegrond op die beginsels vervat in die King IV-verslag oor Korporatiewe Bestuur vir Suid-Afrika (2016) en ons is tevrede dat die maatskappy daardie beginsels in die jaar onder oorsig toegepas het. Ons glo ook dat die huidige lede van die raad gesamentlik oor genoegsame vaardighede, ervaring en diversiteit beskik om hul verantwoordelikhede na te kom, die groep se doelwitte te bereik en volhoubare waarde vir belanghebbendes oor die lang termyn te skep.

## Verandering aan die direksie

Ons verwelkom graag dr Thabi Leoka as 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van Remgro, met ingang van 22 Maart 2023. Dr Leoka het aansienlike ervaring op die gebied van finansies en 'n passie vir opkomende markte en Afrika-ekonomieë. Sy het 'n Ph.D. en M.Sc. in Ekonomie aan die London School of Economics verwerf, asook 'n MA in Ekonomiese Ontwikkeling en Internasionale Handel en 'n BA in Sosiale Wetenskap aan die Universiteit van die Witwatersrand.

Dr Leoka het in haar kort ampstermyn reeds waardevolle insigte gelewer en insette gemaak en ons sien uit na haar voortgesette bydrae as direkteur van Remgro.

## Ten slotte

Graag bedank ek alle belanghebbendes vir hul voortgesette ondersteuning, asook die direksie en werknemers by die kern en regoor ons onderliggende beleggings wat nog 'n jaar van positiewe momentum moontlik gemaak het. Met ons beproefde beleggingsfilosofie, strategiese visie en veerkragtige bateportefeulje, bly ek vol vertroue oor ons vermoë om stewige aandeelhouersopbrengste te lewer en volhoubare langtermynwaarde te skep.

**Johann Rupert**
*Voorsitter*

Stellenbosch
20 September 2023